HOOFSTUK 2

DIE CALVINISTIESE OPVOEDINGSBESKOUING MET SPESIALE VERWYSING NA DIE KUNS

2.1. Inleiding

Dit is noodsaaklik dat ons aandag moet skenk aan sekere grondvrae wat saamhang met 'n lewens- en wêreldbeskouing. Hiermee moet aangetoon word wat die essensie van so 'n lewens- en opvoedingsbeskouing is en hoedat dit die beskouing oor die kind as opvoedeling in hierdie proses sien en wat die aard van die invloed en impak op die kunsonderwys en -opvoedingsproses is. Hierin word spesifiek die kreatiwiteitsbeginsel in die praktyk toegepas en die rol van die gesin, groepwerk e.a. in die kunsopvoeding.

2.2. Die opvoedeling

Die opvoeder moet 'n bepaalde uitgangspunt oor die opvoeding, t.w. die kind as onvolwassene hê - d.w.s. wat hy van die mens, die kind dink sal sy hele opvoedkundige stelsel bepaal. En dit word op sy beurt weer bepaal deur sy lewensbeskouing: die mens is vir die opvoeder óf 'n skepsel van 'n almagtige ewige God óf 'n produk van ontwikkeling. „As die kind 'n mens van God is, sal die opvoeder sy opvoedende werksaamheid ooreenkomstig die verhewe opvatting rig. En as die kind 'n produk van ontwikkeling is, sal hy eweneens sy taak na die aardse opvatting reël"[1].

Ons kan onderskei tussen twee hoofstrominge in lewensbeskouinge: die teïstiese en die humanistiese; die Godverankerde en die mensverankerde; die Christelike en die nie-Christelike of Heidense.

In die Christelike lewensbeskouinge onderskei ons weer tussen die Roomskatolieke en die Protestantse rigtings. Onder Protestante is daar weer drie strominge waarmee ons in Suid-Afrika te doene het, naamlik die Lutherse, die Anglikaanse en die Calvinistiese lewensbeskouing.

---

1. Coetzee, J. Chris. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, p.24.
   Vgl. Waterink, op. cit., hoofstuk I.
   Oberholzer, C.K. Inleiding in die prinsipiële opvoedkunde, p. 230 - 232.
   Bavinck, H. Verzamelde opstellen, p. 215.

In hierdie studie gaan ons uit van die Calvinistiese lewensbeskouing waarvan die hoofkenmerke die volgende is.[1]

God Drie-enig is die Skepper die Onderhouer en Voleinder van alle dinge. „Uit Hom, deur Hom en tot Hom het alle dinge ontstaan - ook ons kennis en geloofsvertroue"[1)].

Die mens is skepsel van God. „En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape"[2)]. Die mens word in sonde ontvang en gebore. Die Christelike ouer belooof plegtig by die bediening van die Heilige doop om die kind as hy tot sy verstand gekom het, te onderrig of te laat onderrig in die leer van die Ou en Nuwe Testament.

Die mens is 'n lewende wese, die hoogste van alle lewende wesens, en vereis voortdurend versorging en opvoeding waarsonder hy nie kan bestaan nie. Die mens staan altyd in verband met sy milieu waarsonder hy ook nie kan bestaan nie: hy moet hom in- en aanpas by sy omgewing. Hy werk ook op sy omgewing in, vorm en vervorm dit sodat dit by hom pas.

„Die kind, die eintlike voorwerp van die opvoeding, is 'n onvolgroeide, onvolwasse lewende wese"[3)].

Die kind is 'n indiwidu met sy eie aangebore eienskappe, gawes en talente, maar is ook 'n sosiale wese. Die mens is toegeskape op sy medemens. „Dat zijn leven niet is en niet kan zijn een leven op zichzelf en voor zichzelf, maar dat zijn leven aldoor en onophoudelijk bestaat in en wordt onderhouden door samen-leven met anderen. Dat de mens niet is een tegen zijn omgeving en zijn soortgenoten afgesloten monade, geen enkeling, geen indiwidu zonder meer, maar dat hij is afgestemd op zijn medemens, die hem werkelijk medemens is, op de medemens is toegeschapen en met hom doorlopend velerlij tussen-menselijke verhoudingen aangaat en onderhoudt"[4)].

---

1. Van der Merwe, C.M. Onderwys van beeldende kuns op skool, p. 197.
2. Genesis I : 27.
3. Coetzee, op. cit., p. 72.
4. Van Dijk, R. Mens en medemens, p.10.

Die enkeling is vanaf geboorte 'n lid van die groep; hy is 'n mens gebore onder mense, eers lid van die gesinsgroep en later van die groter gemeenskapsgroep en die hele lewe van die mens is 'n onophoudelike wisselwerking tussen enkeling en gemeenskap in die proses van sosialisering en opvoeding[1].

Hieroor sê Van Dijk die volgende: „In elk geval, van de wieg tot aan de graf staat de enkele mens op een knooppunt van talloze verbindingsdraden met zijn medemensen"[2].

Die mens is ook 'n religieuse wese en is die kroonstuk van Gods skapping[3].

Die Calvinistiese opvoeder sien die mens as geskape na die beeld en gelykenis van God, toegeskape en afgestem op sy medemens. „De mens gaat niet op in dit tijdelike leven, hij bezit ewigheidswaarde. Als kroon en concentrasiepunt van de schepping, kan en moet hij, daaraan gebonden, tegelyk daaroor heersen ..... dat hij overal in verantwoordelijkheid is gesteld, dat hij niet in dierlijke onbewustheid mag leven, maar tot bewustwording omtrent zijn oorsprong, roeping en bestemming moet worden geleid"[4].

Vir die lewe met medemense moet die kind ook opgevoed word, en sosiologies gesien is die opvoeding die aktiewe deelname van die enkeling aan die gemeenskapslewe. Sosiale aanpassing is 'n lewenslange proses en sluit nooit af nie[5].

Ons kom tot die gevolgtrekking dat „mens en samenleving vormen een onverbrekelijke twee-eenheid, zoals mens, samenleven en cultuur vormen een onverbrekelijke drie-eenheid. Maar in die drie-eenheid is ten slotte de mens de voornaamste actieve en primaire factor. Samenleving en cultuur zijn in relatieve zin producten van zyn activiteit en vormende vermogen"[6].

---

1. Coetzee, op. cit., p. 74.
2. Van Dijk, op cit., p. 10.
3. Psalm 8 : 5 - 9.
4. Van Dijk, op. cit., p. 20 - 21.
5. Coetzee, op. cit., p. 74.
6. Van Dijk, op. cit., p. 33 - 34.

Die Christelike lewensbeskouing dien as teenvoeter van die materialistiese lewenshouding. Die mens het van sy Skepper 'n opdrag ontvang om die aarde te onderwerp en daaroor te heers. Dit bring mee dat hy moet leef en werk tot eer van sy Skepper en tot heil van sy medemens. Hierdie opdrag bly staan en bly van krag al het die mens na die sondeval sy rug op die Skapper gekeer...

Elke mens wat met die uitvoering van die opdrag besig is moet 'n begrip hê van homself, sy oorsprong, wese, roeping en bestemming, van die verhouding tussen hom en sy medemens (om aan ander te doen wat hy wil hê dat hulle aan hom moet doen), sowel as die verband tussen hom en die voorgeslagte (hoe God die volk gelei het) en in aansluiting hierby die ontwikkeling wat op elke gebied deur die eeue heen gemaak is (kultuurerfenis). Hy moet bo alles die verband met die Skepper (Hom lief hê bo alles) asook die verband tussen die Skepper en alles wat bestaan (die aarde en die volheid daarvan behoort aan die Here) ten volle begryp.

So sal die Christelike opvoeder die kind sien as skepsel van God en sal hy die kind in bogenoemde verband opvoed tot eer van God en tot heil van sy medemens.

Om sy taak (roeping) te volbring sal hy voortbou op die fondamente wat deur die Christelike voorgeslag gelê is, en dit is sy roeping om sy erfenis te ken en te waardeer. Hy moet leer om sy pligte in die samelewing na te kom, homself te beheers en gehoorsaam te wees aan sy Skepper en die wat oor hom gestel is om so regte vryhede te verwerf, waar te maak en na te kom en te handhaaf[1].

Ons kan dit ook anders stel, nl. die mens moet die Godgegewe wette, beginsels en norme in die fasette van sy lewe waarmaak en nakom.

In ons afwysing van die materialisme en pragmatisme in die opvoeding, mag ons nie die praktiese in die opvoeding, soos dic kind saam met die badwater, weggooi nie - ons moet die waarheidsmomente behou. „Alle opvoeding moet 'n praktiese sin hê. Die opvoeding van die enkeling en die gemeenskap moet die ekonomiese groei en selfs die staatkundige

---

1. Small, J. Onderwysblad Nr. 742 Deel LXIIV. 1.8.61. p. 149.

ontwikkeling dien. Maar dit kan tog nooit die hoofsom of die hoeksteen van die opvoeding wees nie. Die mens is meer as werker en burger; hy is ook mens met ander en dieper behoeftes as net werk en stem .... en die kind is meer as net bloot 'n stuk van „human resources". Opvoeding is in die laaste instansie die vorming van die mens van God, ook as enkeling, om volmaak toegerus te wees vir alle goeie werk in die diens van ons God en Skepper .... 'n Gesonde Christelike opvoeding eis die volle opvoeding (groei en ontwikkeling, vorming en opleiding) van die mens: religieus, sedelik, emosioneel verstandelik en liggaamlik - en die volle opvoeding dien in omvattende instansie alleen die skepper van hemel en aarde. Soek eers die koninkryk van die Hemele en al die ander dinge sal aan jou ook gegee word; dit is die hoeksteen van alle ware Christelike opvoeding[1]".

Die opvoeder se kindbeskouing en mensbeskouing vloei direk uit sy lewensbeskouing; daarom is dit nodig om die Christelik-nasionale benadering en lewenshouding in die onderwys en opvoeding te beklemtoon. Hierdie teenvoeter vir die materialistiese lewensbeskouing wat besig is om by ons jeug sterk ingang te vind omdat dit 'n verafgoding van alle stoflike dinge is i.p.v. die balans tussen die geestelike en die stoflike, is hoogs belangrik.

Die Christelik-nasionale onderwys en opvoeding „is 'n doelstelling gegrond op 'n vaste geloofsvertroue in 'n absulute God in wie se Raadsplan die verlede, die hede en die toekoms opgesluit en beslote lê wat ook ons voorsate gelei het. Hierin is die onderwyseropvoeder geanker en uit die Suid-Afrikaanse volksverlede put dit krag en inspirasie"[2].

Die taak van die opvoeder vereis die vorming en ontwikkeling van die kind en vra om hulp en leiding. In al sy handelinge is die kind op die volwassenes aangewys en dit geld ook in sy kunshandeling. As die opvoeding die vorming van die hele mens beoog, word ook kunsopvoeding 'n pedagogiese taak en roeping. Dit beteken dan nie dat dit in die kunsopvoeding in die eerste instansie gaan om die opvoeding tot, of net vir die kind nie, maar om die hele geestelike vorming van die mens en daarmee dus ook van

---

1. Coetzee, J.C. Onderwysblad, 1 Aug. 1961 p. 146
2. Van der Walt, op. cit., p. 583.

die kind deur middel van sy kuns[1]. Maar hierdie vorming het verskillende aspekte in die kunsopvoeding waarop ons nou let m.b.t. die kreatiwiteitsbeginsel.

2.3. Aspekte van die skeppingsproses (kreatiwiteit)

Elke mens word gebore met die vermoë om o.m. te kan skep, en saam hiermee ook 'n skeppingsdrang - 'n ingebore skeppingsdrang. Om die ontstaan, ontwikkeling en verloop van die skeppingsproses te kan verstaan, moet 'n ontleding hiervan as geheel gemaak word.

Die bestudering van kreatiwiteit in sigself is 'n lang en ingewikkelde studie en dit is onmoontlik om in hierdie verhandeling in besonderhede daarop in te gaan. Daar bestaan in die algemeen wel genoeg literatuur oor die onderwerp en kunsopvoeders wat daarin belangstel kan met vrug 'n studie daarvan maak. In die besonder het 'n Opvoedkundige, dr. A.J. van Jaarsveld[1], 'n diepgaande studie oor kreatiwiteit gemaak wat met groot vrug bestudeer moet word oor hierdie vraagstuk van kreatiwiteit. Hy definieer dit kortliks soos volg: „Kreatiwiteit is die vermoë van die mens om iets nuuts tot stand te bring wat vantevore nog nie bestaan het of bekend was nie.

„Kreatiwiteit is eintlik 'n proses wat in tyd afspeel. Dit het 'n aanvang, 'n verloop en 'n eindstadium waar die nuwigheid aan die medemens bekend word. Die proses eindig soms in 'n waarneembare produk byvoorbeeld 'n skildery, 'n boek, 'n gebou of 'n voorwerp. Maar dit kan ook onwaarneembaar wees soos bv. 'n nuwe idee, of gesindheid, verhouding of 'n insig"[2].

In eenvoudige taal beteken kreatiwiteit „de aangeboren geschiktheid van de mens tot persoonlijke vormgewing. De reikwydte van zijn mogelijkheden om uit zijn verworven kennen en kunnen een voor hem oorspronkelijke vorm te scheppen, (wat dan) de rijkdom van zijn creatiwiteit (bepaalt)"[3].

---

1. Van Jaarsveld, A.J. Kreatiwiteit en die opvoeding.
2. Ibid., Kreatiwiteit in die kunsopvoeding.
   Ibid., Kreatiwiteit in die kunsaktiwiteit.
2. Van Jaarsveld, op. cit., p. 1.
3. Pieters-Cortel en Augustyns, R. Beeldend Werken met jonge kinderen, p.14.

Die term ekspressie kan ons omskryf as uiting: die uiting van belewingsinhoud - „de naar buiten gebrachte belevingsinhoud"[1].

Kreatiewe ekspressie is 'n term wat baie dikwels gebruik en omskryf word as „de uiting van de belevingsinhoud (expressie), in persoonlijke, oorspronkiyke (creatiewe) vormgewing"[2].

Kreatiewe ekspressiemoontlikhede is onder andere: gebare, beweging, praat, sing, toneelspel, voordrag, skryf, musiekmaak, teken, skilder, modellering ens. Hierdie aktiwiteite het tot gevolg: gelaatsuitdrukking, houding, gesproke taal, sang, toneel en voordrag, poësie en prosa, musiek, skilderye, beelde ens.

Al die bogenoemde vorme van kreatiewe ekspressie kan as middel in die opvoeding gebruik word. So bestaan daar dan bewegingsekspressie, verbale ekspressie, beeldende ekspressie, musikale ekspressie ens. Die versamelnaam vir al hierdie aktiwiteite is: vrye ekspressie.

Ons stel in hierdie verhandeling egter belang in veral die beeldende ekspressie teen die algemene agtergrond van kreatiewe en ekspressiewe werk in die onderwys en opvoeding.

De Francesco omskryf kreatiewe ekspressie soos volg: „In simplest terms one might say that it means to push out or to bring forth. It has been indicated that experience begins from an inner urge, or an impulsion and that it is an act which originates in need and involves the whole being. As such, expression is a need of the living organism"[3].

In die skeppingsproses (kreatiewe proses) word die hele mens betrek en hoewel die liggaamlike die opvallendste en maklikste waarneembare aspek van die menslike wesenstruktuur is, bestaan die mens nie net uit liggaam nie, maar die mens fungeer „as eenheid in liggaam, psige (intellek, emosie, wil) en gees"[4].

Alhoewel die mens as eenheid fungeer is al die genoemde afsonderlike aspekte moeilik onderskeibaar. Die liggaamlike is die opvallendste en ontstaan uit een enkele sel waaruit al die potensiële karakteristieke eienskappe omgedra is soos „lengte, bou, kleur van oë, vel, hare, gesig,

---

1. Pieters-Cortel en Augustyns, op. cit., p. 14.
2. Ibid., p. 14.
3. De Francesco, I.L. Art Education, its means and ends, p. 10 - 11.
4. Van Jaarsveld, op. cit., p. 3.

gehoor, vatbaarheid vir siekte, grootte en balans van die senusisteem, die kapasiteit van sowel die endocrine-organe as die geestelike en begaafdheidshoedanighede"[1].

Gods skepping gaan sekonde na sekonde onverpoosd voort en die kind wat uit biljoene selle bestaan by geboorte, sien die eerste lewenslig as geskapene deur God se Skepperswysheid wat alles in Sy hand hou. God rus die mens toe met 'n wonderbaarlike liggaam wat van die bevrugte eiersel tot die volwassene ontwikkel.

Die Calvinis glo dat die mens behalwe die liggaam ook 'n siel het. Die liggaamlike en die geestelike is so innig verbind dat hulle in die mens tot eenheid geword het. „Hieruit moet afgelei word dat as die liggaam ly, dan mag dit ook sy merk laat op die gees, en andersom"[2].

In die skeppende handeling (kreatiewe) speel die liggaam 'n belangrike rol, maar dit moet nie te hoog aangeslaan word nie. Die liggaam moet goed gevoed en versorg word sodat dit altyd goed gebruik kan word. Sowel die liggaam as die siel van die mens is aan die sonde onderworpe. „Die mens is van nature sondig; die gedigsel van sy hart is boos van sy jeug af, en hy is in sonde en ongeregtigheid ontvange en gebore"[3].

Die liggaam is die sigbare van die mens, maar behalwe die liggaam het die mens ook 'n onsigbare aspek, naamlik die „psige, waaronder ons die intelligensie, emosie en wil verstaan"[4]. Coetzee[5] e.a. noem dit die verstand, die gevoel en die wil.

Die verstand kan nie waargeneem word nie, maar ons weet dat die verstand ons in staat stel om te kan dink. Die denkproses is in die skeppende handeling van die allergrootste belang, want dit is reeds hier waar die verstand betrek word. Die denke en die verbeelding word betrek in die proses van kreatiewe ekspressie en wel deur visualisering van konkrete

---

1. Van Jaarsveld, op. cit., p. 3.
2. Ibid., p. 4.
3. Coetzee, op. cit., p. 224.
4. Van Jaarsveld, op. cit., p. 5.
5. Coetzee, op. cit., p. 224.

beelde. Saam hiermee vorm die emosie die waarderende aspek wat tesame met die element van die wil die dryfkrag vorm agter 'n bepaalde doel .... By die kreatiewe daad kom emosie in sy aktiewe vorm na vore. Emosie is die bewegende krag in die mens wat gedagtes stimuleer en tesame met die wil dit aandryf tot aksie .... Onder emosie kan ons sensitiwiteit en empatie betrek.

(1) Sensitiwiteit is die vermoë van die mens om gevoelig te wees ten opsigte van probleme en situasies. Hy moet bewus wees van 'n probleem voordat daar sprake kan wees van 'n oplossing.

(2) Empatie is die hoër deel van die verstand. Empatie beteken die aktiewe element van sensitiwiteit naamlik die invoeling in die plek van iemand of iets.

(3) Begeerte is die faktor wat ons deur kreatiwiteit tot 'n behunkerde resultaat voer. Begeerte is 'n sterk vorm van emosie in aksie[1]. Die wil kan nie losgemaak word van begeerte af nie, want dis reeds al emosie in beweging na 'n doelwit, en hierdie beweging impliseer alreeds wilskrag. Ons kan grade in wilsterkte van mens tot mens onderskei. Wilskrag op sy volle sterkte word volisie genoem en dit loop uit op die verwesenliking van die doelwit waarom die begeerte draai[2].

Die hoogste eienskap van die mens is gees, want die mens is na die beeld van God geskape en God is Gees. Die gees is nie waarneembaar nie, ons sien slegs die uitwerking daarvan. „Ons kan dit ook die transendentale aspek noem of die hoër self .... Die mens is egter altyd vry om hom te rig volgens sy vrye wil. Daar is die transendentale ek, wat verband hou met die ewige en behels dit wat goed, waar en skoon is. Die skynbare ander self het te maak met die empiriese, die daarmee gepaardgaande menslike psige wat ook die emosies en drange huisves .... Die mens moet gedurig kies tussen die ware, goeie en skone en die sinlike en verganklike .... Omdat kreatiwiteit 'n skeppingsproses is en ons slegs verleende kreatiewe kragte van God besit, sal ons by die kreatiewe daad altyd voor 'n beslissing te staan kom. Ons kan of die goeie, ware en skone skep en dus medewerkers van die goeie plan op aarde wees of ons kan die verkeerde dinge skep om ons eie belange te dien"[3]

---

1. Van Jaarsveld, op cit., p. 6 - 7.
2. Ibid., p. 8.
3. Ibid., op cit., p. 10 - 11.

In die kunsopvoeding het ons direk te doen met die skeppende handeling. Die opvoeder moet kennis dra van die geskape aard van die mens en hoe die kind liggaamlik en geestelik betrek word in die proses van kreatiewe ekspressie. Verder moet die opvoeder deeglik kennis dra van die kind se stadia van ontwikkeling. Die noodsaaklikheid hiervan kan nie genoeg beklemtoon word nie. Vir die kind se vorming as sosiale wese moet die opvoeder ook deeglik onderlê wees in die Sosiologie, veral die pedagogiese aspek daarvan. Hier moet ons veral let op die rol en funksie van die huisgesin.

2.3.1. Opvoeding in die huisgesin met spesiale verwysing na die kreatiwiteitsbeginsel.

'n Sosiologiese studie van kunsopvoeding is noodsaaklik; daarom gaan ons die sosiologiese aspekte van kunsopvoeding bepaal en probeer vasstel hoe die kind as sosiale wese deur middel van kunsopvoeding tot volwassenheid gelei kan word.

Die doel van opvoeding is om die hele mens te betrek en bv. nie net die liggaam of aspekte van die verstand nie.

Die kind aanskou die eerste lewenslig as lid van die huisgesin. Die kind se ouers is die eerste-aanwesige, natuurlike opvoeders van hul kind. Die Bybel gee die opvoeding as 'n goddelike opdrag, dis 'n ordening, 'n gebod met gewigtige verantwoordelikheid waaraan die ouer hom nie mag onttrek nie.

In en deur die opvoedingsverhouding tree die ouers met die kind in gemeenskap, en hierdie gemeenskap is voorwaarde vir die opvoeding. „Opvoeder en opvoedeling moeten wederkerig in elkander het „gelijke" en het „eigene" zien en erkennen, zodat ze constateren kunnen: „Hij is onzer een!" Ontbreekt die identificasiemogelijkheid, dan zou hoogstens van dwang en dressuur spraken kunnen zijn, maar nimmer van opvoeding. De identificatie echter onderstelt de gemeenskap, saamhorigheid, het principieel-een-zyn"[1]. Die huisgesin is inderdaad 'n veeleenheids intieme

---

1. Christelijk paedagogisch studiecentrum: De Gemeenschapsgedagte in die practijk der Christelijke School, p. 6 - 7.

liefde en geborge gemeenskap tussen ouers en kinders.

Dit is duidelik dat die opvoedingsituasie in die gesin verankerd is in „deze wonderlijke gemeenschap toch (het gezin), onderstelt een merkwaardige selfstandigheid der samenstellende eenheden. Het kind is daarin individu, in wie zekere voorwaarden van vryheid en zelfstandigheid gewaarborgd moeten zijn, maar ten opzichte van zijn ware zijn, zijn kind-zijn, is hij afhankelijkheid zelf, daar hij in de keuze zijner ouders, noch in die van de omstandigheden enige mogelijkheid van zelfbepaling heeft"[1]. In hierdie gees en atmosfeer moet die kind tot selfstandigheid opgevoed word waartoe die gesin die fondament lê.

Die Christelike ouer voed sy kind op in liefde en in vrywillige onderskikking aan 'n hoër ordening waaraan hy hom nie kan onttrek sonder nadelige gevolge vir elke ouer self en die kind in sy latere lewe nie.

Die kind word deur sy ouers gelei deur die opeenvolgende stadia van ontwikkeling tot volwassenheid.

'n Onrusbarende verskynsel is dat die opvoeding tydens die vroeë kinderperiode deesdae aanmerklik verflou en saakliker geword het as voorheen d.w.s. die persoonlike ouer-kind-ontmoeting-en-verhouding situasie is besig om te verdwyn. Daar word al meer gebruik gemaak van instellings waar die kind in bewaring gelaat kan word terwyl die ouers op grond van allerlei maatskaplike verpligtinge elders besig is. Uithuisigheid van ouers het al sulke afmetings aangeneem dat die huis 'n plek geword het waar net geslaap en geëet word. Hierdie toestand is veral in ons groot stede aan die ontwikkel en dit is hoofsaaklik die gejaagde stadslewe en verstedeliking wat die gesinslewe bedreig[2]. Dit is een van die faktore wat verantwoordelik is vir gesinsverbrokkeling, 'n onrusbarende verskynsel[3].

---

1. Christelijk Paedagogisch studie centrum, op. cit., p. 7 - 8.
2. Jordaan, P.J. Enkele aspekte van die gesin in die industriële wêreld, hfst. 3, 4 en 5;
   Venter, J.J. Die samelewingskrisis. Die vraagstuk van gemeenskap, 'n Sosiologiese studie, hfst. 4.
3. Van der Walt, op. cit., hfst. 3.

Dit word vandag ook 'n alledaagse verskynsel dat die kind, omring van talle duur speelgoed, tog gespanne, ongelukkig en gefrustreerd bly, omdat hy nie weet hoe om te speel nie. Ook vind ons aan die anderkant die kind wat heerlik sit en speel met 'n stukkie plank by 'n sandhoop; die plankie is een oomblik 'n trein wat deur 'n tonnel stoom, dan weer 'n vliegtuig wat deur die lug sweef. Die vraag ontstaan nou waarom die een kind so ongelukkig is tussen 'n weelde van speelgoed en 'n ander kind heerlik speel met die eenvoudigste voorwerpe.

Die antwoord is voor-die-hand-liggend. Die kind is vir sy geluk afhanklik van die milieu waarin hy grootword en veral van die liefde en versorgende geborgenheidsgevoel van sy ouers. Ouerliefde is nie genoeg nie, veral nie blinde of verkeerdgerigte liefde nie. Om vir die kind te gee wat hy wil hê, beteken soms die ontneming van alle inisiatief en ondernemingsgees, want „it should be kept in mind that the fulfillment of a childs "outer" wishes is not always connected with the satisfaction of his inner needs .... To give the child more toys may only add to his restlessness"[1].

Die lustelose, ongelukkige kind sal net 'n kort rukkie tevrede wees met nog 'n nuwe speelding, maar sy innerlike behoefte word nie deur die nuwe speelding bevredig nie. Die kind leef in 'n wêreld van sy eie, en hoe gouer die ouer aan die kind gesonde leiding in hierdie verband gee sonder om grootmensstandaarde op hom af te dwing, hoe beter sal die kind ontwikkel.

Die kind se fisiese groei, sy gesondheid, is baie belangrik, maar daar is ander komponente van groei wat gebalanseerd en ewe belangrik is vir die kind se arbeid en geluk en ook vir sy geluk as toekomstige burger van sy land.

Hoe die kind sy verstand en sy hande gebruik en sy vaardigheid hiermee, of hy sensitief reageer teenoor wat hy waarneem, hoor, voel sien of ervaar, of hy die behoefte ontwikkel om met ander te kommunikeer, is alles deel van sy geluk[2].

---

1. Lowenfeld, V. Your child and his art,
2. Ibid., p. 3.

Dit is uit die voorafgaande baie duidelik en uiters noodsaaklik dat die ouer en opvoeder die behoeftes van die kind moet ken en verstaan. Hy moet die kind se skeppingsaktiwiteite verstaan en in daardie skeppingsaktiwiteite kan hy dan die behoeftes van die kind onderskei wat hy andersins nooit sou ontdek nie, en in hierdie verband moet daarop gelet word dat „one of the child's most natural forms of expression is his Art"[1].

2.4. Die verband tussen die kind se ekspressie in die gesin en die kunsopvoeding in die skool

Om uitvoering hieraan te kan gee, betrek ons die opvoedingsproses waarin die leerproses een van die belangrikste middele is, en in die meeste gevalle beteken dit verwerwing van juiste kennis, kundighede en vaardighede. Ons weet egter dat kennis alleen nie die mens volwaardig en gelukkig maak nie. Eensydige opvoeding met die klem op kennis lei tot die verwaarlosing van ander baie belangrike aspekte. Kuns vir die kind, die geleentheid om aan die skeppende proses deel te neem reeds op 'n vroeë stadium in die kind se lewe, mag die verskil beteken tussen 'n goed aangepaste en gelukkige kind en 'n kind wat ten spyte van al die kennis wat hy versamel, 'n ongebalanseerde persoonlikheid ontwikkel sodat ook in sy vorming hy met aanpassingsprobleme te kampe het[2].

„Art for your child may well be the necessary balance of your child's intellect and his emotions. It may become the friend to whom he naturally turns whenever he has something that bothers him - even unconsciously - a friend to whom he turns whenever words become inadequate"[3].

---

1. Löwenfeld, op. cit., p. 3.
2. Ibid., p. 9.
3. Ibid., p. 9.

Die opvoeding wat die kind in die huisgesin ontvang vorm die basis van sy hele opvoeding. Verder het die omgewing waarin die kind grootword ook 'n baie groot impak op sy ontwikkeling as mens in die samelewing[1]. Die ouer vir wie die opvoeding van sy kind 'n erns is, sal ook sorg dat die kind genoegsame geleentheid gebied word om skeppende ervaring op te doen.

„The social environment of children is not a simple whole, but a complex of different areas of social experience which are never entirely distinct, even in infancy, but merge and interpenetrate. For a child belongs to many communities - family, neighbourhood, school, town, region, nation and group of nations - all of which, to a greater or less degree, are sources of influence to shape his growth. The primary community and by far the most important is the home"[2].

Oor die kind se kuns sê Lowenfeld „For the child, art is not the same as it is for the adult. Art for the child is merely a means of expression"[3].

Die kind se gedagtewêreld verskil van die van volwassenes, daarom sal sy ekspressie ook verskillend wees van die van die volwassene. Die meeste probleme ontstaan dan ook uit die feit dat die „smaak" van die volwassene verskil van die wyse waarop die kind hom uitdruk in sy kunsskepping. Die kunsopvoeder en die ouer mag nooit die kind se werk aanraak om sogenaamd die „regte" proporsies en „goeie" kleurskema aan te dui nie: dit is 'n inbreuk maak en afbreuk doen aan die kind se ekspressievermoë. Hierdie ongewenste inmenging kan al gedurende die krabbelstadium geskied wanneer die ouer verwag dat die kind herkenbare vorms moet teken.

---

1. Spier, J.M. Inleiding in de wijsbegeerte der wetsidee, p. 186.
2. Garforth, F.W. Education and social purpose, p. 88.
3. Lowenveld, op. cit., p. 1.

Die kunsopvoeder of ouer mag ook nooit sy eie siening op die kind afdwing nie, „Don't impose your own images on a child! All modes of expression but the child's own are foreign to him. We should neither influence nor stimulate the child's imagination in any direction which is not appropriate to his thinking and perception. The child has his own world of experiences and expression"[1].

Die ouer of kunsopvoeder mag ook nooit die een kind se werk bo die van 'n ander kind verkies nie. Die kind moet ook nooit iets nateken of afteken nie. Inkleurboeke doen soveel skade aan die kind se skeppingsvermoë dat dit die kind geheel in homself gekeerd kan laat raak. Hierdie bewering word gestaaf met „therefore never prefer one child's creative work over that of another! Never give the work of one child as an example to another! Never let a child copy anything"[2].

Maar hierin lê o.m. opgesluit die gedagte van vryheid. Die ontwikkeling van die kind in die rigting van vryheid van uitdrukking kan alleen verstaan en begryp word as ons die ekspressie in die verskillende stadia van die groei en ontwikkeling van die kind, asmede die eienskappe van die kind se kuns as maatstaf vir elke stadium deeglik ken.

Hierdie stelling is baie belangrik en 'n voorwaarde vir die waarde van kunsopvoeding soos dit o.m. deur De Francesco gestel word, is: „Art education contributes to growth and development; art education implies effective social living"[3].

Die kunsopvoeder se taak lê verder daarin om die skoonheid van Gods skepping, die natuur, plante, diere, voëls, alles aan die opvoedeling op te dra vir waarneming. Die kind moet aangespoor en gelei word om die skoonheid in die natuur raak te sien en te waardeer. Die ouer kan baie doen deur die kind vir uitstappies te neem sodat hy die wind kan hoor en voel, die stroompie se gemurmel kan waarneem, sy voete in die water plaas, die skoonheid van voëls, insekte, diertjies en blomme kan sien. Die

---

1. Lowenfeld, op. cit., p. 3.
2. Ibid., p. 4.
3. De Francesco, op. cit., p. 24.

kind wat nie weet hoe om die natuur te leer ken nie, verloor ontsaglik baie, want daarin moet hy gelei word om die Skepper en Onderhouer van alles te sien, te glo en te waardeer - al is dit ook hoe gering. Deur die kind se aandag te vestig op die mooi kleurvolle sonsondergang, of die musiek wat saans deur die paddakoor langs die spruit uitgevoer word, of die netjiese vorming van die nessie deur die vink ens., maak ons sy oë oop en kweek by hom 'n liefde vir die skoonheid van Gods skepping aan. Dit laat hom voel o.m. hoe nietig die sondige mens werklik is as die donderstorm oor ons toesak, of as jy langs die magtige oseaan staan waar die branders hulself te pletter loop teen die rotse. Die kind leer om liefde en waardering te betuig, hy word opmerksaam, medemenslik en Godvresend.

Die waarde van die Christelike element in die opvoeding word deur Garforth soos volg gestel: „But if once the Christian element in our tradition is lost, we shall loose with it the values which hold our society together and there will remain no criteria for moral judgement, save social expediency and personal desire"[1].

Die kind vind sy grootste geluk en ware liefde in die ouerhuis waar volgens die Christelike beginsels geleef word. In die huisgesin waar die opvoeding van die kind as 'n opdrag van God aanvaar en uitgevoer word, tref ons liefde in die ware sin van die woord aan.

„In the home which is truly educative neither the father nor the mother will dominate the family; each in his or her own sphere will exercise an authority which is firm but gentle, never stubbornly autocratic, but sensitive always to fact and argument. They will regard each of their children as a person, individual, unique, differing not only in age and place within the family but in temperament

---

1. Garforth, op. cit., p. 61.

and natural gift. They will give to each without favouritism or spoiling the affection due to him, encouraging each to make his appropriate contribution to the family's well-being and ensuring that each receives his share of its blessings. They will demonstrate in their relations not only with each other and their children but with friends and stangers, workmen and servants, that consideration which is due to our equality as persons sharing a common humanity. In thought, word and action they will display an honesty which elicits imitation by the force of its own integrity"[1].

Daar sal ook geleentheid wees vir elkeen om sy dagtaak ten volle uit te voer en ook voldoende geleentheid wees vir vryetydsbesteding en ontspanningsaktiwiteite. Daar sal in die huisgesin ook geleentheid gebied word vir samewerking met gesinslede tot 'n gemeenskaplike doel en elkeen sal na sy vermoë en ouderdom kreatief deelneem aan die situasie. „Parents will show the need - in themselves first - for self discipline, the essence of which is the subduing of impulse and the directing of skill and effort to a chosen goal .... They will cherish, in whatever constructive form it manifests itself (short of personal injury or serious damage to property), the spark of invention and creativity .... In religious and sex education the parents' role is also vital, not only in infancy but also in the deeply formative years of adolescence .... where home life is secure and dependable, where parents are sensitive to wonder and beauty and envince in their own lives the love which christians claim to be the central quality of God Himself, the childs path to faith will be smoother, and even in critical and often rebellious period of adolescence he will be aware of the security underlying the restlessness of his experience"[2].

---

1. Garforth, op. cit., p. 89 - 90.
2. Ibid., p. 90 - 91.

Daar kan nog baie gesê word oor die aandeel van die ouer as opvoeder van die kind. Ons bespreek nou verder enkele verdere voordele van kunsopvoeding in sosiale verband waardeur die ouer 'n sterk positiewe bydrae kan lewer.

As die ouer nie weet hoe om sy kind se ekspressievermoë te laat ontwikkel nie, sal dit lonend wees om soveel moontlik oor die onderwerp te lees. As dit moontlik is om die kind na-uurse klasse in kuns te laat bywoon waar bekwame en goed opgeleide kunsopvoeders die klasse waarneem, moet die ouers die kind geleentheid gee om die klasse by te woon.

2.5. Die waarde en bydrae van groepwerk e.a. in ekspressie buite die skool

Die waarde van groepwerk vir die kind, veral waar daar net een kind in die huis is, is onskatbaar. Kunsklasse is baie waardevol vir die vorming en ontwikkeling van die kind se ekspressievermoë. Kinders reageer anders as by die huis as hulle in groepwerk deelneem en dit bevorder sy sosiale aanpassing en inpassing aan die groep d.m.v. saam te werk, en te geniet en te waardeer. Ons sal in die volgende hoofstukke breedvoeriger ingaan op die waarde van groepwerk..

Kunsklasse, en hier word bedoel kunsklasse buite die skool, is 'n baie waardevolle instelling in die meeste van ons stede en dorpe. Op Potchefstroom word die kunsklasse gereel onder beskerming van die Suid-Afrikaanse Vroue-Federasie aan die plaaslike Onderwyskollege. Ouers moet net seker maak dat die kunsklasse waarheen hulle hul kinders stuur, wel kunsklasse vir kinders is en ook dat die doel van die klasse is om die kind te help en te lei in sy kreatiewe ekspressie.

Die kunsopvoeder wat die klasse waarneem sal ook altyd bereid wees om raad en wenke aan ouers te gee oor hoe die ouer die kind tuis kan help en aanmoedig. „If you feel that the teacher at the art class tries to do things with which you do not seem to be in agreement, don't develop hostile attitudes or withdraw your child from the art class .... in most instances you will find your art teacher co-operative and happy when she can find someone who is interested in the art of her child"[1]

---

1. Lowenfeld, op. cit., p. 53.

Verder kan ons enkele wenke aan die hand doen wat vir ouers van hulp kan wees in die opvoeding van die kind tot 'n volwaardige sosiale wese.

(i) Beskou die kind se kuns as 'n weergawe van sy persoonlikheid.

(ii) Besef dat die kind, terwyl hy kreatief werk, belangrike ervaring opdoen wat nodig is vir sy natuurlike groei.

(iii) Maak die kind soveel moontlik bewus van sy milieu, kweek 'n liefde vir die natuur by die kind aan.

(iv) Verkeerde verhoudings en proporsies in die kind se tekeninge beeld gewoonlik 'n ervaring uit.

(v) Besef dat die kind se gevoel teenoor sy kuns verskil van die van sy ouers.

(vi) Waardeer die kind se kuns op sy eie meriete.

(vii) Voorsien die kind van die nodige materiaal en ruimte waar hy kan werk..

(viii) Moedig kinders aan om mekaar se ekspressie te waardeer.

(ix) Moedig by die kind respek en waardering vir ander se werk aan.

(x) Stuur u kind na 'n kunsklas as u kan.

(xi) Laat die kind sy eie tegniek deur eksperiment ontwikkel.

(xii) Nooi jou kind se vriende om saam met hom te kom teken, laat hulle bewus word van die waarde van positiewe groepvorming.

Die volgende wenke gaan oor 'n aantal sake wat die ouer nie moet doen nie. Moenie:

(i) die kind „help" deur aan sy skeppinge te peuter nie;

(ii) die finale produk as die belangrikste beskou nie;

(iii) volwasse standaarde op die kind afdwing nie;

(iv) verwag dat jou kind se skeppinge altyd mooi en bevredigend vir die oog sal wees nie;

(v) een kind se werk bo 'n ander s'n verkies nie;

(vi) die kind belemmer in sy ontwikkeling deur van hom voldoende werkruimte en materiaal te weerhou nie ;

(vii) u kinders se werk met mekaar vergelyk nie.

(viii) Vermy kompetisie waar pryse toegeken word.

(ix) Moenie u kind vir uself hou nie ;

(x) vir die kind wys hoe om te „skilder" nie en

(xi) moenie u kind blootstel aan inkleurboeke en die aftrek van modelle nie: dit verstomp sy aanvoeling vir vorm en vermoor eie inisiatief![1)]

Die waarde van kunsopvoeding as sosiale vorming word ongelukkig nie altyd besef nie. Die noodsaaklikheid daarvan spreek uit die volgende aanhaling: „Every child, every man, every culture gives form to his feelings and ideas through art. Art is the essence of that which is human; it is the embodiment of the human experience and goal. A civilization gives evidence of the will and participation of the individual, and art functions in a society much as it functions in the life of an individual; it becomes the emblem of a group just as it is the mark of a single man. Art can and should be an experience shared by all men every day of their lives .... it means that man's innate sensitivities to the arts must be allowed to develop and, by early encouragement and educations must be given oppertunity for growth so that the whole man can emerge"[2)].

Dit is nie alleen deur skilder en teken dat die kind uiting aan sy skeppingsdrang kan gee nie. 'n Baie belangrike ervaring is deur met klei te speel en voorwerpe te vorm. Die plastiese ervaring is baie belangrik. Klei kan aangekoop word deur die ouer of kan kosteloos langs 'n spruit of rivier versamel word. Die kind is baie oorspronklik in sy vormgewing en wat vir teken en skilder geld wat standaard betref, geld

---

1. Lowenfeld, op. cit., p. 54 - 55.
2. Unesco. The arts and man, p. 11.

ook vir modelleering in klei. Dit is nie die finale produk wat soseer van belang is nie, maar die skeppingsproses. Volwasse standaarde moet nie op die kind afgedwing word nie.

Net soveel plesier as wat die kind kan beleef deur in water of modder te speel, kan hy ervaar deur in nat sand of met klei te speel.

Die sintuiglike ervaringe en die beroep op die emosionele instelling of motivering by so 'n aktiwiteit is so waardevol en nodig dat groot inspanning ten behoewe van hierdie verruiming van ervaring beslis geregverdig is. Dit is noodsaaklik veral as ons dink dat sulke ervaring vir die stadskind omtrent heeltemaal uitgesluit is.

Sagte klei besit 'n geweldige aantrekkingskrag vir die klein kind en dit is uitermate geskik om vingervaardigheid te bevorder, maar vingervaardigheid is nie die enigste doel van die proses nie. Deur met klei te speel kry die kind 'n besef van die drie dimensies van voorwerpe.

Oor hierdie aspek van kreatiewe ekspressie sê Pieters-Cortel en Augustyns: „We weten reeds dat we de eigen vormgeving van het kind de kans moeten laten geleidelijk te groeien en dat we dit kunnen bereiken door het kind in de keuze van zijn vormen vrij te laten .... Laten we steeds voor de ogen houden dat wij ons niet blind mogen staren op dat „mooie" resultaatje, maar de totale groei van het kind voor ogen moeten houden"[1].

2.6. Samevatting en eie opvatting

In hierdie hoofstuk is besondere aandag gegee aan die Calvinisties/Christelike lewens- en opvoedingsbeskouing met spesiale verwysing na die invloed hiervan op die oorsprong, aard, doel, taak en bestemming van die mens en die kind m.b.t. kunsopvoeding. Dit was nodig om die plek van die kreatiwiteitsbeginsel in berekening te bring m.b.t. die geskape aard van die kind en sy inherente kwaliteite van o.m. die kunsaanleg en skeppingsdrang en hoe dit tot ontplooiing, ontwikkeling en vorming gebring kan word vir 'n gebalanseerde persoonlikheid d.m.v. kunsopvoeding.

---

1. Pieters-Cortel en Augustyns, op. cit., p. 139.

Vervolgens is ook aangetoon watter plek die gesin inneem en wat die taak van die ouers is in hulle bydrae om die kreatiwiteitsdrang en ekspressie d.m.v. kuns tot uiting by hulle kinders te kan bring. Saam hiermee is die waarde van groepwerk e.a. vorme bespreek.

Hoewel die kerk op sy eie wyse 'n bydrae tot die kreatiewe by kinderkunsopvoeding lewer en by name d.m.v. Bybelse prisipes en norme vir keuse van die mooie, goeie en regte in kunsskepping, word nie hier daarop ingegaan nie. Ons kan dit soos volg saamvat: „Die Calvinisties/Christelike lewens- en opvoedingsbeskouing het 'n neerslag op die kunsopvoeding en ook die beskouing oor die kreatiewe proses en die ekspressie-aktiwiteite. Hiervolgens word die ekspressie-aktiwiteite van die kind gevorm en ontwikkel volgens die talente wat hy ontvang het tot die uiteindelike kulminering daarvan in die geloofsinterpretasie van die kerk as 'n heenwys en heenlei na Bo - na God wat ook die God van alle skoonheid en die onderhouer daarvan is"[1]. In aansluiting by bostaande haal ons Berdyaev aan wat dit soos volg stel: „Artistic creativeness best reveals the meaning of the creative act. Art is primary a creative sphere. It is even an accepted expression to call the creative element in all spheres of spiritual activity „artistic". A clearly creative attitude towards science, social life, philosophy or morals, we consider artistic. And even the Creator of the world is considered in the aspect of the great Artist"[2]

Vervolgens word aandag geskenk aan die hooflyne van 'n kort historiese oorsig van die tekenonderwys in Wes-Europa waarna daar 'n kort historiese oorsig gegee word van die ontstaan en ontwikkeling van tekenonderwys in Transvaal.

---

1. Van der Walt, J.P. Samespreking gevoer oor hierdie probleem.
2. Berdyaev, N. The meaning of the creative act, p. 225.